
| 12 Desember | NG Gemeente Kogelberg | 2025 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE







## SONDAG 14 DESEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| **Hangklipkerk** | **Kuierkerk** | **Kleinmondkerk** |
| Ds Theuns Henn | Dr Louis Fourie | Ds Heinrich Carstens |
| Jesaja 35:1-10 | Jesaja 35:1-10 | Jesaja 35:1-10 |

LIG | DEERNIS | HOOP

Hangklipkerk




Kuierkerk




Kleinmondkerk



## YouTube

Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is:

https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

Gebruik gerus die **SnapScan-opsie** om jou offergawe te gee.

SnapScan



Die Kerkraad het tydens 'n buitengewone beroepingsvergadering (*onder toesig van die Ring van Caledon en volgens Kerkordelike voorskrifte*) op Woensdag 3 Desember 2025 vir

**Dr Stephan Naudé van Doornkloof Familiekerk**

beroep as tweede voltydse leraar van ons gemeente. Volgens Kerkorde (*Reglement 12, Pt 8*) word die naam van die beroepene vir twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente voorgehou vir goedkeuring of approbasie. Indien daar enige grondige besware (*oor die leer en lewe van die beroepene of prosedurele onreelmatighede*) teen die beroep ingebring kan word, moet dit voor Maandag 15 Desember 2025 om 10:00 skriftelik by die voorsitter van die kerkraad of by die kerkkantoor ingedien word.
Indien jy enige vrae in hierdie verband het, kan jy gerus vir ds Heinrich Carstens skakel.

*Intussen bid ons vir Stephan en Chimoné vir die besluit wat hulle onder leiding van die Heilige Gees moet neem.*

## Die pad na Betlehem en verder

### met die roetemerkers van Jesaja


Kom kuier saam met ons in Adventstyd vir ons erediensreeks



30 November
Advent 1
Jesaja 2:1-5
'n Hangende uitnodiging

14 Desember
Advent 3
Jesaja 35:1-10
'n Woestyn vol bloeisels

25 Desember
Kersfees
Jesaja 9:2-7
'n Fees van Lig



7 Desember
Advent 2
Jesaja 11:1-10
'n Tasbare hoop

21 Desember
Advent 4
Jesaja 7:10-16
Iewers tussen hemel en hel

28 Desember
Sondag na Kersfees
Jesaja 63:7-9
Wanneer God die aarde betree

**Caritas bederf die families met heerlike Kerspakke!**
**Dankie vir elkeen sy bydrae.**



## *Tweede Kersdag - 'n Ekstra bord kos*

*Kom ons deel die vreugde van Kersfees, op Vrydag 26 Desember, met diegene wat nie dieselfde oorvloed as ons het nie. Ervaar die vreugde van gee deur **eers die ekstra bord in te skep** en dan wat oor is, self te geniet!*

*Neem 'n houer vir 'n bord kos en 'n bakkie vir nagereg in die portaal op Sondag 14 en 21 Desember. Houers word gratis voorsien, neem dus slegs as jy beskikbaar is om dit te gebruik vir hierdie inisiatief.*

*Skep op Kersdag die bord kos en nagereg in en kom lewer dit **op 26 Desember tussen 07:00 en 07:30** af by die **Gemeenskapsaal in Proteadorp** (regs langs die kliniek).*

*Indien jy bereid is om te help met die uitdeel om 08:00, skakel asseblief vir Trudie Esterhuizen by 082 457 6447.*

# Skaap- & linnewenners aangenaam verras!

Elk van die vyf gelukkige wenners van die NG Gemeente Kogelberg se pas afgelope Skaap- en Linnelootjie woekeraksie was baie aangenaam verras toe hulle die oproep vanuit die kerkkantoor ontvang het dat hulle pryse gewen het. Die trekking het verlede Dinsdagoggend tussen 10:00 en 11:00 geskied in die Kleinmondkerk in vierde laan se kuierlokaal.

Die gelukkige wenners van die **heel skape is Ella Labuschagne van Bettysbaai en Annelize Visser van Kleinmond**, terwyl **Gerda Olivier van Palmiet en Sandra Taljaard van Bettysbaai elkeen 'n halwe skaap** losgeslaan het.

**Schalk Fourie het weggestap met die R1 500 linne-koopbewys**, geborg deur Comfi Linen Kleinmond.

Gerda Olivier se eerste reaksie op die goeie nuus was: "Ek het nie gedink ek staan enigsins 'n kans nie. Ek het nog nooit iets gewen nie!".

Vir Annelize Visser was lootjienommer 13 dié keer 'n gelukkige nommer. By die aanhoor van die goeie nuus het sy uitgeroep: "Dis fantasties! Nou gaan ons braai!"

Ella Labuschagne, wat ook uit die veld geslaan was, het gesê die skaapprys is 'n groot geluk omdat vleis duur is en sy nie nou ekstra aankope hoef te doen vir die groot dae nie. Die vleis kom handig te pas met haar dogter, Maritza, wat by haar woon en haar een seun Leon wat gereeld op Bettysbaai kom kuier. Sy beplan om haar ander seun, Wouter wat op Stellenbosch woon, met van die vleis te gaan verras.

Die woekeraksie het uiteindelik die **bruto bedrag van R37 500 opgelewer**. 'n Groot dankie gaan aan Susan & Fanie Fourie van Comfi Linen wat die R1 500 linne-koopbewys geborg het, Geilvlei Slaghuis vir die spesiale afslag op die skaapprys en al die dienswerkers en wyksleiers van die gemeente wat met die lootjielyste gewoeker het.



Kogelberg se Getuienis

# STAP VIR SENDING IS NOU NABY!
# WOENSDAG, DIE 17de

Gemeentelede en vakansiegangers is almal genooi om hierdie komende Woensdag te kom saamstap. Die doel is om geld in te samel vir die 12 sendelinge en organisasies wat ons gemeente ondersteun.

Daar is vier roetes om uit te kies. Die stap begin om 8-uur. Ons vra egter dat stappers reeds om 20 voor 8 (07:40) by die beginpunt van 'n roete aanmeld sodat die klippertjies om 8-uur kan begin knars.



- Onthou asb.: Gemaklike, stewige skoene en 'n hoed; genoeg drinkwater; iets om te eet teen die halfpadmerk van die roete.

- Die beginpunt van die Kleinmond-seeroete (5 km): Die parkeerterrein by Sandown-restaurant by die hoofstrand. Dit loop van daar tot by die hawe, grootliks gelyk, mooi seetonele. (Die wat wil, kan verder stap tot by die Drie Kruise naby Palmietstrand om dit 8 km te maak).

- Die Kleinmond-bergroete (6 km) begin by die parkeerterrein op die hoek van Vierde Straat en Vyftiende Laan. Dit is redelik gelyk tot by Hanneshoek (bokant die Gholfklub), dan steiler by Jean's Hill. (Stappers wat nie die steiler deel wil aanpak nie, kan terugvergesel word.)

- Die Bettysbaai-roete (Rod's Trail) (6 km) begin by die parkeerterrein by die hek van Disakloofkamp. Berglangs met die kontoerpad, oor Clarencerylaan na die hoofstrand, dan strandlangs tot by Dawidskraal, daarvandaan terug na die beginpunt.

- Die Pringlebaai-stap (6 km) begin by die hek van die Hangklip-bewaringsgebied aan die bopunt van Streamweg. Dit loop deur die Brodie Link, aanvanklik effens steil, daarna meer gelyk.

***Stappers en ander wat ons sendelinge ook geldelik wil ondersteun, kan dit in kontant by die beginpunt van 'n roete betaal, of elektronies in die gemeente se bankrekening (gemerk Sendingstap + jou naam).***

***Bankrekening: NGK Kleinmond, ABSA 322 0150 320.***

***Meer inligting: Annetjie Strever (082 212 3146) of Esther Pretorius (082 786 3100).***

# Uit die Kleinkmond Wyksraad

Ons het gedurende Desember 2011 vir ons in Kleinmond kom vestig. Die volgende jaar is ek tot die kerkraad verkies met opdrag om wyk Ba – 1a se wyksouderling te wees. Later is wyk Ba – 3 ook aan my toevertrou.

Sedert April 2023, was ek die voorsitter van Kleinmondkerk Wyksraad. Dit is vir my baie aangenaam om te kan noem dat vergaderings altyd ontspanne en in 'n goeie gees plaasgevind het. Ons gemeente se leraar, ds. Heinrich, het altyd waardevolle insette en mededelings aan die lede oorgedra. Een hoogtepunt wat uitgestaan het, is dat hy 'n "Verslagvorm vir Wyksouderlinge" ontwerp het. Hierdie vorms word met groot vrug deur wyksouderlinge gebruik en dit word gereeld gedurende vergaderings ingehandig. Ná vergaderings werk ds. Heinrich deur die wyksverslae en verkry op hierdie wyse 'n geheelprentjie van die verskillende wyke se doen en late.

Ons gemeente betree 'n nuwe seisoen in 2026. Ek het dit goed gedink om getrou aan die Woord in Prediker 3 wat handel daaroor dat elke ding 'n vaste tyd het, om as voorsitter terug te staan vir 'n volgende persoon om as voorsitter te dien. Kuierkerk Wyksraad en Kleinmondkerk Wyksraad, het intussen saamgesmelt en vorm nou een Wyksraad. Op die November – vergadering van hierdie jaar, het van die Kuierkerk se Wyksraadslede saam met Kleinmondkerk se Wyksraad vergader. Tydens hierdie vergadering is die Kuierkerk se voorsitter, André Ferreira, as die nuwe voorsitter verkies.

Laastens was dit 'n voorreg om as voorsitter te kon dien en ek is dankbaar vir die vertroue wat in my gestel is. Ek gaan steeds voort met my werk as wyksouderling in my twee wyke wat vir my net 'n plesier is. Ons almal sien uit na die nuwe en opwindende uitdagings van die Kogelberg – Gemeente.



Koos de Wet

## *Aflosstokkie aangegee*

‘n Groepfoto is nogal ‘n goeie manier om ‘n historiese geleentheid in beeld vas te lê. Op Sondag 30 November 2025 is die voorsitterskap van die Hangklip-wykskerkraad oorhandig aan broer Reinier Lombard, wat op dieselfde dag as ouderling bevestig is. Wykskerkraadslede wat by die geleentheid was, het na die diens reggestaan vir Joanne Momsen se kamera.



Agter van links staan Pierre Hugo, Floris Bronkhorst, Marius Joubert, ds Heinrich Carstens, Gert Pretorius, Rudi Perold, Carli Swart, Arno Swart, Elseline Rörich, JC Hanekom en Karola Pauling; In die middel van links staan Fanie Krige, Giel Maree, Ansie Bronkhorst, Charette Joubert, Dirk Retzema, Marietjie Reitzema, Annelie van Staden, Sandra du Plooy, Hannes Botha, Annemieke de Lange, Elize Eger en Mike Pauling; Voor sit Mareth Mare, Esther Pretorius, Hennie van Vuuren, Reinier Lombard, Merle Foot, Sandra Visser en ds Leopold van Huyssteen.

# Hou jou eie skoonmaak-aksie!

Dis vakansie-tyd en mense bestee meer tyd in die buitelug. Ons vertrou sowel Kleinmonders as besoekers geniet ons mooi omgewing. Die Kleinmond Eko-bediening hou maandeliks skoonmaak-aksies. Ons volgende skoonmaak-aksie is egter eers weer in Februarie 2026. Intussen hou rommelstrooïing nie op nie. So, kom ons hou almal ons eie skoonmaak-aksie gedurende die vakansie. By Sondag-eredienste ontvang elkeen ***'n sterk geel rommelsak.*** Gebruik dit om op jou eie tyd en plek saam met familie en vriende rommel op te tel. Sit dit dan saam met die swart sakke uit.

Baie dankie.



NG Gemeente Kogelberg

ROOIELS / PRINGLEBAAI / HANGKLIP / BETTYSBAAI / KLEINMOND / ARABELLA

Jy word hartlik uitgenooi na ons

## Gesamentlike Erediens

SONDAG

JAN 18 2026

**09:00**

DISAKLOOF KAMPTERREIN

***Bring jou stoel en kom hou saam kerk onder die bome in die buitelug. Koffie en tee sal beskikbaar wees - bring net jou eie beker saam. Onthou ook jou piekniekmandjie (met alles wat jy nodig het) want ons gaan na die erediens as Gemeente saam kuier.***

# 2026 Eredienste

## Eredienstye Kleinmond



In die lig van ons begroting met die oog op die beroep van 'n tweede voltydse leraar, het die Kerkraad besluit dat eredienstye in 2026 soos volg sal verander:

Kuierkerk om 08:00

Hangklipkerk om 09:00

Kleinmondkerk om 10:00

In die Kleinmondstreek sal daar gedurende skoolvakansies en langnaweke slegs een erediens om 09:00 in die Kleinmondkerk wees

# WAAR KAN JY AL DIE NODIGE INLIGTING KRY?

Die volgende publikasies is by jou Dienswerker beskikbaar:

**Slegs 1 per besoekpunt**




Vakansieprogram

KALENDER







**Baie dankie aan al ons Borge van die 2026-Kalender!**




## Skoon, skoner, skoonveld!

Die Eko-bediening deel komende Sondag vir elkeen ***'n gratis geel rommelsak*** uit.
So kan elkeen hierdie vakansietyd op hul eie tyd en eie manier help om ons strand, fynbos en berg skoon te hou.
As die sak vol is, sit dit Maandae saam met die swart sakke uit.




## KERKKANTOOR*ure*

*Tydens Desember 2025 & Januarie 2026*

| | |
|---|---|
| 22 - 31 Desember 2025 | |
| *Maandag - Vrydag* | 10:00 - 11:00 |
| 1 - 12 Januarie 2026 | GESLUIT |
| 14 Januarie 2026 | HEROPEN |

# Ons eredienste gedurende die vakansietyd

| DAG | TYD | BEDIENINGSPUNT | PREDIKER |
|---|---|---|---|
| Sondag, 14 Des | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Theuns Henn |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Louis Fourie |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Heinrich Carstens |
| Dinsdag, 16 Des | 09:00 | Kleinmondkerk | Ds Werner van den Heever |
| Sondag, 21 Des | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Heinrich Carstens |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Kirsten Small |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Piet Botha |
| Donderdag, 25 Des | 08:00 | Grasperk (Lagoon) | Ds Gerhard Beukes (ChristGen) |
| | 08:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Heinrich Carstens |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Werner van den Heever |
| | 09:30 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| Sondag, 28 Des | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 09:00 | Kuierkerk | Ds Kirsten Small |
| | 09:30 | Kleinmondkerk | Ds Werner van den Heever |
| Woensdag, 31 Des | 18:00 | Kleinmondkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| | 20:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| Sondag, 4 Jan | 09:00 | Kleinmondkerk | Ds Kirsten Small |
| | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| Sondag, 11 Jan | 09:00 | Kleinmondkerk | Ds Heinrich Carstens |
| | 09:00 | Hangklipkerk | Ds Leopold van Huyssteen |
| Sondag, 18 Jan | 09:00 | Disakloof Kampterrein | ***Gesamentlike Erediens*** |

Die eredienste in Kleinmondkerk word ook lewend uitgesaai op ons gemeente se **YouTube-kanaal: NG Gemeente Kogelberg**

**KLEINMONDKERK** is by Vierde Laan 67, Kleinmond.

**KUIERKERK** is by die Kerksaal by Eerste Laan 36, Kleinmond.

**HANGKLIPKERK** is op die hoek van Disasirkel & Pillansiaweg in Bettysbaai.


Gloria in Excelsis Deo!
NG GEMEENTE KOGELBERG
6 & 7 Desember 2025







Met liefde gemaak deur Joanne








Gloria in Excelsis Deo!
NG GEMEENTE KOGELBERG
6 & 7 Desember 2025



Met liefde gemaak deur Joanne










Gloria in Excelsis Deo!
NG GEMEENTE KOGELBERG
6 & 7 Desember 2025


Met liefde gemaak deur Joanne











# Verjaarsdae!

## Saterdag 13 Desember

Lynette Cordier 083 279 5223 (BB2)
Sussie de Kock (Bb2)
Suzanne Engelbrecht 072 133 4855 (HK1)
Jeandré Koegelenberg (Bb4)
Daphné Loots 082 871 9135 (PM1)
Jorinda Schreuder 073 836 1770 (PM1)

## Sondag 14 Desember

Annamari Burger 072 355 0511 (Ba2)
Theuns Coetzee 082 554 1775 (KB5)

## Maandag 15 Desember

Louise Hill 073 055 6482 (KB5)
Petro Steyn 082 852 6969 (RE)

## Dinsdag 16 Desember

Albertus Bezuidenhout 082 857 0560 (PM1)
Bryan Blomerus 084 514 2153 (KB1)

## Woensdag 17 Desember

Jan van Leeuwen 082 805 3850 (BB5)

## Donderdag 18 Desember

Chrizanne Beukes (Sc2)
Gert Schoeman 083 458 1725 (Sc4)
Gerda van den Heever 082 334 7309 (Sc2)

## Vrydag 19 Desember

Sandra du Plooy 083 376 2567 (BB3)
Rhona Gericke 083 307 1450 (BB5)
Japie Hamman 072 593 9029 (KB2)
Jean Miller (BB4)
Chris Pretorius 083 450 5954 (Ba3)
Japie Truter 082 868 4110 (KB1)
Ria Wolstenholme 073 227 7423 (BB1c)

## Saterdag 20 Desember

Emma Bates 082 742 0710 (PM5)
Marinét Bezuidenhout 072 379 5207 (HK3)
Elza Havenga 082 570 3584 (PB2c)
Karel J v Rensburg 083 442 7484 (Sb3)
Mari le Roux (Ba1a)
Belius Potgieter 083 625 5420 (BB4)
Bettie Snyman 072 891 3959 (KP1)
Leoné Taljaard 072 379 1598 (PB2c)

## Sondag 21 Desember

Estelle Krige 072 820 1355 (BB1c)
EJ Viljoen 073 778 5494 (HK3)



## Maandag 22 Desember

Chandré Dorfling 072 410 0727 (BB3)
Neels Fourie 082 809 3140 (Sc3)
Adriaan Halgryn 072 224 4092 (PB1)
Koos Liebenberg (BB6)
Laetitia Singleton 073 104 9880 (Bb4)
Gillian Stofberg 084 805 1301 (Sa3)

## Dinsdag 23 Desember

Elsa-Marie Smeda 084 322 1388 (BB4)

## Woensdag 24 Desember

Pieter Grobler 072 641 4686 (HK3)
Gerhard Le Roux 082 452 1777 (Ba1a)
Esna Naudé 072 111 7105 (KP2)
Jaco Slabber 082 852 6152 (BB3)

## Donderdag 25 Desember

Hannalie Gerber 083 368 8429 (BB5)
Jean Landman 083 455 5589 (KB2)
Ynanda Lemmer 084 642 2275 (Sc1)
Noël Morkel 083 742 0330 (KB1)

## Vrydag 26 Desember

Johan Bekker 082 650 9617 (Sa2)
Engela De Jager 083 564 7227 (BB2)
Orffer Müller 082 804 3598 (Sa4)
Jan Pienaar 082 775 9259 (Sc2)
Anelma Steyn 082 783 4893 (Sc4)

## Saterdag 27 Desember

Marius Joubert 082 573 3790 (PB2a)
Ella Labuschagne 082 339 6515 (BB1a)
Boet Trollip 083 609 4735 (Sb2)
Jan Verster 083 427 4799 (Sa4)

## Sondag 28 Desember

Hannes Goosen 083 306 1044 (HK1)
Nico Grobler 083 968 0214 (KB4)
Niel van der Watt (BB6)

## Maandag 29 Desember

Corné De Jong (KB1)
Zelda Verster 067 358 9935 (Sc2)

## Dinsdag 30 Desember

Piet le Roux 072 737 8802 (KB4)
Mareth Maree 082 455 9888 (PB2b)
Wenda Riley 083 290 7031 (KB1)
Ina van Zyl 084 951 2751 (PM2)

## Woensdag 31 Desember

Liana Lamprecht 082 445 7094 (Ba2)
Riekie Nel 084 704 4412 (BB4)
Hesta Smit 083 608 4356 (KP2)
Alice van Rooyen 072 611 1642 (HK3)



## Donderdag 1 Januarie

Brand de Villiers 082 933 4633 (BB4)
Quarta du Toit 082 575 9305 (KP2)
Neels Kleynhans 066 269 4941 (Sa4)
Fanie Krige 082 773 7749 (BB3)

## Vrydag 2 Januarie

Danie Barnard 084 400 4288 (HK1)
Lieze Duvenage 084 586 7555 (Ba1b)
Hesma Geldenhuys (KB5)
Suzette Groenewald 072 240 3242 (Sb2)
Lynette Loubser 072 126 6822 (KB5)
Nalene Truter 083 474 1349 (Sc4)

## Saterdag 3 Januarie

Cobus Geldenhuys 083 416 3733 (KB5)
Lydia Smit 071 360 6518 (Bb1)
Annalie van der Merwe (HK3)

## Sondag 4 Januarie

Pierre Boonzaaier 083 303 8404 (Sb3)
Arenda Lemmer 084 642 2275 (Sc1)
Alta Malherbe 076 306 2458 (Ba2)
Nico Müller 072 358 0513 (PM5)
Tertia Sherriff 076 683 4300 (Bb1)
Riëtte van der Berg 082 449 2722 (Bb4)
Louise Vermaak 072 488 4765 (BB3)

## Maandag 5 Januarie

Anton du Preez 083 478 2074 (Sa2)
Susan Groenewald 072 265 9829 (HK2)
Christoff Hanekom (Sb1)
Monique Stals 076 833 5629 (RE)

## Dinsdag 6 Januarie

Wilma Edwards 082 345 7972 (Bb1)
Ellen Niemandt 082 552 1003 (BB1a)
Therésa van der Merwe 082 777 3577 (KB1)
William van Eeden 072 483 5180 (Sa3)

## Woensdag 7 Januarie

Louis Erasmus 079 494 4768 (Sc3)
Elmarie Hofmeyr 082 532 9973 (Bb4)

## Donderdag 8 Januarie

Piet de Villiers 084 507 8264 (Ba2)
Heléne du Toit 083 443 1047 (Ba1a)
Richard Frowein (BB3)
Alinda Schmidt 076 090 3208 (Sc4)
Johan van Eeden 082 878 8324 (Sa3)
Lucas Williams 082 709 2099 (PM5)

## Vrydag 9 Januarie

Jimmy de Villiers 061 096 1796 (Sa4)
Elise Eger 079 745 5547 (BB4)
Annette Erasmus 084 409 3025 (Sa2)
Martin Schwartz (BB5)

## Saterdag 10 Januarie

Ninnie Du Toit 082 419 2938 (Sb1)
Sundra Mostert (PB2a)
Elda Stander (BB6)
Riana Truter 082 870 4725 (BB1b)

## Sondag 11 Januarie

Kara Van Der Westhuizen (Sb3)

## Maandag 12 Januarie

Andriëtte Burger 082 781 7909 (Sa1)
Billy Downing 082 220 0263 (Ba2)
Emmarentia Malan 083 293 5710 (Sa2)
Pietro Roos 082 774 5156 (Ba1b)

## Dinsdag 13 Januarie

Marina Groenewald (Sa3)
Annatjie Nieuwoudt 083 631 3195 (BB2)

## Woensdag 14 Januarie

Clayton Francis (PB1)
Dimmie Francis (PB1)
Philip Hanekom 084 600 0354 (KB6)
Anzel Nel 072 910 6067 (Sa2)
Edward Richards 076 878 8860 (BB3)
Tommie van der Merwe 082 467 0830 (KB1)

## Donderdag 15 Januarie

Herma Mouton 082 786 2783 (Sc3)
André Oosthuizen 082 041 7557 (Sc1)

## Vrydag 16 Januarie

Hannes Beukes (HK3)
Poppie Bezuidenhout 082 661 6967 (PM1)
Gawie Winterbach 079 381 4485 (Ba3)

# Lekker verjaar!






# Kleinmond Carols

## t the Lagun

# MONDAY, 22 DECEMBER 2025

**Picnic from 6pm - bring own chair**

## Concert at 7pm

**Kleinmond Lagune - Main Beach Lawn • Hoofstrand-grasperk**

*Featuring musicians of the area and beyond, performing together with the learners from the Handevat Music Project playing as the* ***Overberg Orchestra***

**more info: Stefné van Dyk 082 923 2723**

Beautiful music and lots of Fun

**FREE ENTRY • GRATIS TOEGANG**

OVERBERG ORCHESTRA